Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 (DOOF)

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel het 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel het DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, en 5) | (40) |

2. Lees AL die instruksies deeglik deur.

3. Beantwoord die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL

**Lees** die onderstaande artikel en **beantwoord** die vrae.

## TEKS A

### WA-WAI SO

***Van ZERO tot HELD!***




1 Wa-Wai So, of meer bekend as *magic kid*, is ŉ bekende naam in Hong Kong.

2 Wa-Wai is in 1981 gebore. Hy het met geboorte reeds geelsug (*jaundice*) en hemolitiese geelsug gehad. Dit het tot serebraal gestremdheid gelei. Dit het sy gehoor en beheer oor sy bene en arms beïnvloed. Op ŉ stadium wou Wa-Wai se ma hom en daarna haarself doodmaak omdat hy nie kon loop nie. Net toe sy besluit het om dit te doen, het hy breed vir haar geglimlag. Hy het toe opgestaan en op 4-jarige ouderdom sy eerste tree gegee.

3 Sy ma se ondersteuning, aanmoediging en vertroue het Wa-Wai die vrymoedigheid gegee om te doen wat niemand gedink het hy ooit sou kon regkry nie. Nadat hy begin loop het, het hy besef hy hardloop vinniger as baie nie-gestremde kinders in die woonstelblok waar hy gebly het. Sy ma het hom van toe af bly motiveer om te hardloop. Sy het hom aangemoedig om nooit op te gee nie en altyd net weer en weer te probeer, vinniger en vinniger.

4 Omdat Wa-Wai self ook baie van hardloop gehou het, het hy baie gaan kyk hoe kinders oefen. Op 10-jarige ouderdom het ŉ afrigter, Poon Kin Lui, hom raakgesien toe hy op die baan gehardloop het om die atlete van nader te sien. Kin Lui het hom geleer om op basiese tegnieke te fokus en om dit oor en oor te herhaal tot hy dit perfek kon doen. Kin Lui het later ook Wa-Wai se beste vriend geword.

5 Wa-Wai se ma het hom aan mnr. Fong voorgestel. Fong het hom begin afrig en in 1996 het hy op 15-jarige ouderdom aan sy eerste Paralimpiese Spele in Atlanta deelgeneem. Hier het hy geleer hoe om met ander mense te kommunikeer. Hy en sy spanmaats het baie konflik gehad omdat hulle elkeen hul eie probleme gehad het, maar dit het veroorsaak dat hulle mekaar se probleme begin verstaan het. Dit het tot beter spanwerk gelei wat uiteindelik die sleutel tot hul sukses in die aflosse was. Hier het hy ook ŉ goue medalje ontvang.

6 Wa-Wai se sportloopbaan het van krag tot krag gegaan. Toe sy pa in 'n ongeluk betrokke was, het dit veroorsaak dat Wa-Wai moes gaan werk. Hy het daarom baie van die oefensessies vir die Beijing Paralimpiese Spele misgeloop.

7 Dinge het nie baie goed vir Wa-Wai gelyk nie. Daar het verskillende dinge gebeur wat hom omgekrap het. Sy ma het begin om borge vir Wa-Wai te soek sodat hy minder ure by die koerier-maatskappy hoef te werk. Wa-Wai het sy ma beskuldig dat sy hom wou misbruik vir geld. Sy ma het ook vir hom gesê dat sy weet hy het gevoelens vir afrigter Fong se dogter, Gill. Toe hy met Gill praat, het sy gesê sy sien hom slegs as 'n vriend. Dit het veroorsaak dat sy verhouding met sy ma verder versleg het.

8 Afrigter Fong het hom ook harder gedruk om hom fisies en emosioneel voor te berei vir die Spele. Maar al die dinge wat gebeur het, het Wa-Wai baie erg geraak en hy was nie emosioneel gereed om aan dié Spele deel te neem nie.

9 Hy het besluit om tog te gaan en in die eerste wedloop brons verwerf, maar in die tweede het hy sesde geeïndig. Hy het besef sy ma was nie by hom om hom te ondersteun nie. Ten spyte van die konflik het sy ma besluit om Beijing toe te gaan. Met die derde wedloop het sy ma vir hom by die wenpaal gewag. Wa-Wai het met hierdie wedloop 'n wêreldrekord geslaan. Haar teenwoordigheid het hom die moed en wil gegee om alles te gee om te wen. Hierdie was maar net die begin van Wa-Wai se loopbaan as sportheld.

10 Wa-Wai het na 20 jaar as 'n professionele paralimpiese atleet uitgetree nadat hy aan vyf Paralimpiese Spele deelgeneem en 12 medaljes verower het. Dit sluit ses goud, drie silwer en drie brons in. Hy werk tans vir die Hong Kong Paralimpiese Raad.

11 China se bekende atleet, Su Bingtian, het gesê dat nie-gestremde atlete wat aan die Olimpiese Spele deelneem net 'n atleet se fisiese prestasie toets. Die Paralimpiese Spele toets 'n atleet se emosionele én fisiese prestasie. Volgens haar moet die Paralimpiese Spele ook nie as 'n onderdeel van die Olimpiese Spele gesien word nie. Toeskouers kyk met deernis hoe Paralimpiese atlete hulle beperkinge oorkom. Dit maak van die Paralimpiese Spele meer as net die wen van 'n medalje.

Saamgestel en verwerk: https://bit.ly/3eCW6Kk; https://bit.ly/3pEwlQ7; https://bit.ly/3sOFBTB; https://bit.ly/3zaKUOo; https://www.paralympic.org/wa-wai-so; i; https://bit.ly/3zeMIGi; https://bit.ly/3ezdak7

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat was Wa-Wai So se **bynaam**? (1)

1.2 **Verduidelik** wat 'n **professionele atleet** is. (1)

1.3 Wat het **veroorsaak** dat Wa-Wai **serebraal gestremd** is? (1)

1.4 Wat was die **gevolg** van serebraal gestremdheid op Wa-Wai se lewe?
Noem **EEN** gevolg. (1)

1.5 **Hoekom** wou Wa-Wai se ma **haarself** en **hom doodmaak**? (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord:

Mev. So het hulle nie doodgemaak nie omdat Wa-Wai (vir haar geglimlag/ opgestaan en geloop) het. (1)

1.7 Sê in jou eie woorde waarom die volgende stelling WAAR is.

Wa-Wai het sy ma vertrou ten spyte daarvan dat sy hom wou doodmaak. (1)

1.8 Wat was die verskil tussen Wa-Wai en baie van die kinders in die woonstelblok? (1)

1.9 Wat, dink jy, was die gevolg van Poon Kin Lui se afrigtingstegniek op Wa-Wai se lewe? (1)

1.10 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is. Haal ʼn sin uit paragraaf 5 aan om jou antwoord te motiveer.

Wa-Wai kon van kleinsaf lekker met mense gesels. (1)

1.11 Wat het Wa-Wai en sy spanmaats in gemeen gehad? (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.12) neer.

Wat beteken die idioom: ***Sleutel tot sukses***?

A Dit is die begin van jou lewe.
B Jy kry die sleutel as jy 18 jaar oud word.
C Dit maak sukses moontlik.
D Dit los ʼn geheim of ʼn raaisel op. (1)

1.13 Gee **DRIE redes** waarom Wa-Wai **nie goed** vir die Beijing Paralimpiese Spele **voorbereid was nie**. (3)

1.14 Hoe weet ons dat dit die regte ding vir Wa-Wai emosioneel was dat sy ma na die Beijing Spele gereis het? Haal ʼn sin uit paragraaf 9 as jou antwoord aan. (1)

1.15 Wat **leer** ons uit Wa-Wai en sy **ma se verhouding** met mekaar? (1)

1.16 **Kies** die korrekte **antwoord** uit KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas. Skryf **slegs** die **letter** (A–D) langs die vraagnommers (1.16.1 tot 1.16.3) neer, byvoorbeeld 1.16.4 E.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.16.1 | Kin Lui | A | Beijing |
| 1.16.2 | Su Bingtian | B | Lewenslange vriend |
| 1.16.3 | 1$^{ste}$ goue medalje | C | Olimpiese Atleet |
| | | D | Atlanta |


(3 x 1) (3)

1.17 Waarom kan ons sê dat die sub-titel en Wa-Wai se **bynaam goed** by die inhoud van die teks **pas**? Verwys na zero, held en die bynaam in jou antwoord. (3)

1.18 Volgens **paragraaf 11 toets** die Olimpiese Spele net ŉ atleet se **fisiese prestasie**. Hoe **verskil** die Paralimpiese Spele hiervan? (1)

**[24]**

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Bron: Entertainment Software Association]

1.19 Hoekom is die volgende stelling ŉ MENING en nie ŉ FEIT nie?

*Die hele wêreld is mal oor videospeletjies.* (1)

1.20 In watter ouderdomsgroep speel meer vroue as mans videospeletjies? (1)

1.21 Hoe weet ons dat mense wat videospeletjies speel eerder met vriende speel as met hulle ouers. In jou antwoord moet jy na vriende en na ouers verwys. (2)

1.22 Hoe kan ons visueel sien dat die aankope van videospeletjies meer word? (1)

1.23 Watter genre videospeletjie is die derde populêrste? (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf die SEWE maniere hoe om **STRES EN ANGS IN JOU LEWE TE VERMINDER**, puntsgewys neer.
- Nommer die feite van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
- Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## TEKS C

### VERMINDER STRES EN ANGS IN JOU LEWE!

Stres is ŉ algemene verskynsel. Tot 70% volwassenes in die VSA ervaar stres en angs. Hier is wenke om jou te help ontspan.

Die belangrikste is om daagliks te oefen. Sodra jy oefen, stel jou liggaam endorfiene vry wat jou laat beter voel, lekker slaap en wat jou meer selfvertroue gee om jou dag aan te pak.

Kitskos en wegneemetes het net nie genoeg voedingswaarde nie en dit veroorsaak stres en angs. Soms is dit ook nodig om goeie aanvullings soos Omega 3, groentee en multi-vitamiene te gebruik. Om ŉ kersie te brand is nie net romanties nie. Gegeurde essensiële oliekerse kan jou stres en angs verminder. Laventel, wierook en lemoenbloeisel is maar net ŉ paar bekende olies van aeromaterapie.

Om tyd saam met jou vriende deur te bring, is kosbaar. Dit gee jou ŉ gevoel van veiligheid wat jou laat ontspan en sommer ook lekker laat lag en huil. Lag is daarom baie belangrik, want hoe meer jy lag, hoe meer ontspan jy en hoe minder dink jy aan jou probleme

Wanneer mens oorweldig voel, bou jy stres en angs op. Leer om nee te sê vir onnodige dinge as daar te veel van jou gevra word. Leer en aanvaar ook drukkies van ander mense, want positiewe aanraking verlaag jou bloeddruk en hartklop en het die teenoorgestelde uitwerking as stres wat bloeddruk en hartklop verhoog.

[Aangepas uit https://www.healthline.com/16-ways-relieve-stress-anxiety]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALKONVENSIES EN -STRUKTURE

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Bron: http://www.kimtruong.work/ooh]

3.1 Watter boodskap probeer die adverteerder met die gestremde mense op die verskillende ikone oordra? (1)

3.2 Wat is die SLAGSPREUK van die advertensie? (1)

3.3 Na watter ENGELSE WOORD verwys die een sterretjie (*) in die advertensie? (1)

3.4 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.5 Kies die korrekte VERKLARING vir die woord tussen hakies.

Met ŉ (**effense**) draai van die bekende ikoon nooi ons mense uit om hul kreatiwiteit te wys, beteken (dat daar min verandering is/redelike verandering is). (1)

3.6 Hoekom word Paralimpiese Spele 2020 groter geskryf? (1)

3.7 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Die Suid-Afrikaanse swemmers dra elkeen ŉ goue (swempet/swemkep). (1)

3.8 Hoekom, dink jy, is die woord ***dis*** in **disable** deurskynend? (1)

3.9 Waarom gebruik die adverteerder voornaamwoorde soos ***jy***, ***jou*** en ***ons*** in die teks? (1)

3.10 Wat dink jy is die funksie van ALLITERASIE in die volgende sin?

Gestremdhede word wêreldwyd waargeneem. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E




[Bron: https://bit.ly/3ArOtSF]

4.1 Wat is die verskil tussen Ma Flagston en Pa Flagston se 'somerspele'? (2)

4.2 Hoe weet ons dat Pa Flagston reeds baie vroeg by die huis weg is? (1)

4.3 Hoekom verwys die strokie net na 'n ***damesmaraton***? (1)

4.4 Watter soort oefeninge doen die ma? (1)

4.5 Hoe kan ons uit die mense wat die huis wil koop se liggaamstaal sien dat hulle ongelukkig is dat Ma Flagson laat is? (1)

4.6 Hoe weet ons dat die kind pas uit die bad gekom het? (1)

4.7 Kyk na al die raampies. Wat doen die ma wat wys dat sy baie dinge het om te doen? (1)

4.8 4.8.1 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Die kinders eet gebrande kos. (1)

4.8.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma skree vir John: “Jy mors orals water in die badkamer!” (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**

### CHRIS WADDELL TAKEL KILIMANDJARO



5.1.1) (Klim Kilimandjaro) is vir ’n nie-gestremde ’n prestasie.

Vir Chris Waddell, ’n parapleeg, was dit die (5.1.2) (groot) uitdaging.

Waddell het (5.1.3) (in ’n ski-ongeluk/sy rug/in die laat 1980's) gebreek, maar het later ’n kampioen Paralimpiese atleet geword.

(5.1.4) (Hy het besluit om Kilimandjaro te klim. Hy het na 11 jaar as lid van die Amerikaanse Gestremde Ski-span uitgetree.)

(5.1.5) (Waddell reis in 2009 na Tanzanië waar hy die 5,894.8 meter berg aangedurf het.)

Sy (5.1.6) (doel) was om die eerste parapleeg te word om Kilimandjaro te klim. Hy het die krag van sy hande, arms en bolyf gebruik om die pedale te draai om ’n spesiale vierwiel "handfiets" (5.1.7) (agtertoe) te beweeg.

Om na Waddell se (5.1.8) (bult) triseps te kyk, laat my soos ’n (5.1.9) (swak) voel.

Waddell se stigting, One Revolution, fokus om nie-gestremdes se indrukke van gestremdes te (5.1.10) (*change*).

Hulle voer (5.1.11) (elke dag) ’n stryd teen die samelewing.

As jy na Waddell in sy rolstoel kyk, sou jy nooit kon dink dat hy (5.1.12) (met+dit) ’n berg kon klim nie.

Hy het in totaal (5.1.13) (13) medaljes as Paralimpiese atleet gewen.
(5.1.14) (Elke dag is vir gestremdes ’n uitdaging).

[Aangepas uit https://cutt.ly/8UQ7rea]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

5.1.1 Skryf die gedeelte tussen hakies in die korrekte INFINITIEF oor.

(Klim Kilimandjaro) is selfs vir ŉ nie-gestremde ŉ prestasie. (1)

5.1.2 Skryf die woord tussen hakies in die OORTREFFENDE TRAP.

Vir Chris Waddell, ŉ parapleeg, was dit die (groot) uitdaging. (1)

5.1.3 Skryf die gedeelte tussen hakies in die korrekte WOORDORDE.

Waddell het (in ŉ ski-ongeluk/sy rug/in die laat 1980's) gebreek, maar het later ŉ kampioen Paralimpiese atleet geword. (1)

5.1.4 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Hy het besluit om Kilimandjaro te klim. Hy het na 11 jaar as lid van die Amerikaanse Gestremde Ski-span uitgetree. (nadat) (1)

5.1.5 Skryf die sin korrek oor in die VERLEDE TYD.

Waddell reis in 2009 na Tanzanië waar hy die 5 894,8 meter berg aangedurf het. (1)

5.1.6 Gebruik die HOMONIEM van 'doel' in ŉ verklarende sin. (1)

5.1.7 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Hy het die krag van sy hande, sy arms en sy bolyf gebruik om die pedale te draai om op ŉ spesiaal ontwerpte vierwiel 'handfiets' (agtertoe) te beweeg. (1)

5.1.8 Vorm ŉ TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Net om na Waddell se (bult) triseps te kyk, het my swak laat voel. (1)

5.1.9 Vorm ŉ PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Net om na Waddell se triseps te kyk, laat my soos ŉ (swak) voel. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Waddell se stigting, One Revolution, se fokus is om nie-gestremdes se indrukke van gestremdes te (*change*). (1)

5.1.11 Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen hakies.

Hulle voer (elke dag) ŉ stryd teen die samelewing. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.12 Gee die **korrekte** BETREKLIKE VOORNAAMWOORD vir die woorde tussen hakies.

As jy na Waddell in sy rolstoel kyk, sou jy nooit kon dink dat hy (met+dit) ŉ berg kon klim nie. (1)

5.1.13 Skryf die GETAL **13** as ŉ woord. (1)

5.1.14 Skryf die gedeelte tussen **hakies** in die ONTKENNENDE VORM.

(Elke dag is vir gestremdes ŉ uitdaging) soos om by die see te stap. (1)

**[14]**

**VRAAG 5.2**

**TEKS G**




[Bron: http://bit.ly/3nEAbYO]

5.2.1 Verbeter die TAALFOUT in die volgende sin.

Hy was baie trots op Milla wanneer hy saam met haar gehardloop het. (1)

5.2.2 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die hele sin oor en onderstreep die leesteken.

Milla hardloop saam met haar pa want sy kan nie sien nie. (1)

5.2.3 Verander die volgende sin in ŉ SPESIFIEKE VRAAGSIN. Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

<u>Milla</u> oefen baie hard. (2)

5.2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die FIGUURLIKE betekenis van ***ŉ blinde kan nie ŉ ander blinde lei nie***, is dat (ŉ mens wat niks weet nie, nie ŉ ander mens kan lei wat niks weet nie/ŉ mens wat niks weet nie, nie ŉ ander mens kan lei wat iets weet nie). (1)

5.2.5 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Nadat Milla ŉ rekord geslaan het, het sy (beroemd) geword. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou